

23 Januarie

Skrifgedeelte: Judas
Fokusgedeelte: Judas vers 3
HK, Vraag 23

Bly by die hoofsaak van die geloof, die Twaalf Artikels

Raar, maar waar – dit is nou mense wat hulle as gelowiges voordoen. Die gelowiges aan wie Judas skrywe, is geïnfiltreer deur “voordoen”-gelowiges. Hulle lyk eg, maar is vals; daarom word die gelowiges aangespoor om by die oorgelewerde geloof te bly. Ons geloof word gebou op die Woord; tog beoordeel al hoe meer mense die Bybel as 'n ou boek in 'n nuwe tyd. Die Bybel spreek baie mense in die moderne tyd nie meer aan nie. Al hoe meer verkies om die Bybel te laat buikspreek. Dit moet sê wat mense graag wil hoor, want dan kan mense met hulle eie lewenstyl voortgaan. Van geloof is daar al hoe minder sprake.

As Judas hier van die oorgelewerde geloof praat, gaan dit in hoofsaak oor die geloofswaarheid wat met die skrywe van die brief alreeds vir ongeveer 60-70 jaar vasgestaan het. Hierdie geloofswaarheid is sedert die tweede tot vierde eeu nC vir ons saamgevat in die Twaalf Artikels. Daarmee bely ons die hoofsaak van die geloofswaarheid, van die begin van die wêreld tot in die nuwe wêreld in. Hierdie artikels is ons padkaart om die pad (die Bybel) in ware geloof reg te volg. Met die Twaalf Artikels sê ons die hoofinhoud van die Bybel na.

Sing: Psalm 9:7 (1936-beryming)

Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)